# Songtekst: Voetsekkieweg blues *(2019)*

*Part of the ONS PERSEKTIEF album*

***Performed by:*** *BrotherTill & Churchil Naude*
***Written by:*** *Churchil Naude, Riku Lätti & Mathijs van Til*

soek niks problems 'ie soek niks trouble 'ie
staan op sy as j wil baklei ek is gou biesag hie
ek soek n bra wat ek kan pla en n bleddie fybob vra
ek soek n pa wat my kan grootmaak net soes my ma
almal soek antwoorde - ma' die vraag is die
sal j jou haat weggooi as ek vi jou liefde gie'
sal j my sien soes ek is want ek is wat j sien
ek ontplof onbeskof en grof as j dit verdien
miskien is -ek net n stuk gemos soes my pa
dis hoekom die gesig innie spieël my soe baie pla
aanvaar my of aanvaar jouself vir wat j nooit sal wiessie
dis n dun lyn en waar jy staan kan niemand vir jou kiessie
yes ek was nooit bang vi nog n man wat kan bloei soes ek
klap my wang en klap in jou bleddie bek
te'wyl j sukkel om te ve'staan laat val ek vi jou geen traan
ek is wie ek is bra!
soe' gemaak en lat staan

**hoa ek praat al dinge**
**en dan point j jou vinge**
**dis die voetsekkieweg blues**
**soe voetsekkieweg van my af**

ek soek mos rus en vrede kom ons ve'giet'ie verlede
vra die powers that be om asseblief tog te luister na ons gebede - want
die pyn lê nog diep hie' innie strate van ons stede - ons
lewe sonder rede en die sewe sakke sout raak al swaarder - ennie
sewe koeie raak al maarder ek is ma' net n sondaar Vader
kom ons skyf die liefde al nader en nader - kom
kom ons skyn n lig daa' waar die dôners in duisteris vergader
as al die pratery ve'niet is as ek ma'net n produk van my gebied
n oomblik van stilte virrie kind wat laasnag deë gangsters geskiet is
as die doodskis my lot is te'wyl ons wonne wie God is
kan ons nou al die rypes skei vannie vrottes
as die alewige gedruis jou vang soos drugs en j's lost in space
ons almal was mos n verlore seun keer terug na jou huis
soms issie waarheid te swaa te swaa om te ve'staan
soms vat ek my brekvis en dan iet ek'it innie aan'
ek sal nooit verander nie
ek's soe gemaak en lat staan

**hoa ek praat al dinge**
**en dan point j jou vinge**
**ek's soe gemaak en laat staan**
**ek's soe gemaak en laat staan**

**hoa ek praat al dinge**
**en dan point j jou vinge**
**dis die voetsekkieweg blues**
**soe voetsekkieweg van my af**

hulle sê n oog vir n oog maakie wêreld blind
vat 'an my kind en'ie dood sal jou gouer vind
kom ons skei die regtes ennie egtes vannie slegtes
kom ons trek ons velle uit as dit dan al rede vir die alewige geveg is - want
ek soek n liefde waar my vel nie n rol speellie - waar niemand van my geld van my af wil steellie
vergewe tog die doners vader hulle weet nie wat hulle doennie
maar hulle tyd kom al nader en daar is geen versoening nie - yes
try en stop my kom skop my of skiet my- hey
ma' ek wiet j gan my swaa yt jou gevriet kry
ek soek n liefde waar ek nie van my swaar verdiende tiendes hoef te gee nie
ek soek n liefde wat skyn daar waar dit heilig is
ophou so skynheilig is
my geloof my kerk sit in my hart want dis waar dit veilig is
ek is moeg van die kan ons jou siel kry of jy sal met jou lewe pay geloof wat julle opdis
vekeere bus genus gaan vang vir jou n anner vis
terwyl my woorde so saggies deur jou sintuie sif sal ek hier staan
vat dit soos dit is bra
ek's soe gemaak en lat staan

**hoawoa hoawoa**
**dis die voetsekkieweg blues**
**soe voetsekkieweg van my af**